

Dinsdag 7 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 14:1-7

Fokusgedeelte: Psalm 14:1, 7

Wees verstandig en bid, geloofsvertroue is jou troos

Dawid leer elke totaal verdorwe sondeur is 'n dwaas. Ons wêreld is vol mense met sulke verdroogde intellek wat God ontken. Die korrupte, natuurlike mens se hartewens is om God te vervang. Daaglik leef hulle asof God nie regeer nie, asof sonde weggesteek kan bly, terwyl God toekyk.

Die maatstaf van goeie of kwade optrede, is of iemand in opregte aanbidding voor hierdie Skepper buig of nie. Skokkend is dan die les vir my, geen mens is goed nie, niemand begeer vanself om God te dien nie, ook nie ek nie! Bekering is altyd nodig.

Psalm 14 leer, tot ons troos, dat die HERE persoonlike aandag gee aan alle mense, elkeen individueel, want Hy bly getrou aan Homself, sy beloftes bly ewig staan.

Die bose se selfsugtige harte bewerk vyandskap teen God se kinders. Hulle het geen ontsag vir die Almagtige se regering of sy eiendomsvolk nie, sny hulleself af van die verlossingsgenade, veroorsaak hulle eie ondergang en sal hulle verdiende loon ontvang wanneer Hy die werkers van ongeregtigheid vernietig.

Wanneer gelowiges hulle teëspoed egter geduldig verdra en nie soos ongelowiges sonder hoop deur hulle vrees en angs gejaagd lewe nie, word hulle eenvoudige geloofsvertroue verag en verwerp deur hierdie bose mense. Psalm 14 bevestig: wysheid is om in swaar tye jou toevlug te soek by die God van die Verbond, want gebed is die beste troos in alle moeilikhede.

Wie buig in die geloof dat God regeer tot beswil van sy kinders, sal ook tot voorbidding vir die kerk van die Here Jesus gelei word. Gelowiges verwag hulle verlossing van God en jubel vooruit in die sekerheid dat die HERE sal doen wat Hy belof het. Ons vind geloofsvreugde in die wete dat Hy die kerk vergader, om biddend te jubel oor die Verlosser wat Hy skenk!

Sing: Psalm 14-1:1, 7

Ds. LJ Erasmus (Lou) (Naboomspruit)